

Len 50/3 ML 126

60/7

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

OBSA 11472/101 Leningno 1507318

SKULDBEWYS INGEVOLGE DIE WET OP DIE LENINGSFONDS VIR PLAASLIKE BESTURE, 1984

(WET NO 67 VAN 1984)

Ons, die ondergetekendes, in ons hoedanighede van onderskeidelik Burgemeester en Stadsklek van die Munisipaliteit Capes en behoorlik daartoe gemagtig, erken hiermee


- (a) dat die genoemde plaaslike owerheid van die Leningsfonds vir Plaaslike Besture die som van R.13300000 (Eendoe die duisend Rand nul sent) ontvang het, synde die kapitale bedrag van 'n lening deur die Raad van die Leningsfonds vir Plaaslike Besture kragtens die bepaling van die Wet op die Leningsfonds vir Plaaslike Besture, 1984 (Wet No 67 van 1984), aan die genoemde plaaslike owerheid toegestaan vir 'n tydperk van 15 jaar wat eindig op 30/6/2009;
- (b) dat die genoemde plaaslike owerheid ten volle bewus is van die voorwaardes waarop die lening toegestaan is, soos meer ten volle uiteengesit in die leningsaanbod F52/6/203 gedateer 17/5/1994;
- (c) dat die lening toegestaan is vir doeleindes van paarl en stamptak;
- (d) dat die kapitale bedrag van die lening, soos van tyd tot tyd uitstaande, rente dra teen 'n vaste rentekoers van 13.4% per jaar;
- (e) dat die bedrag van die lening aan die Raad terugbetaalbaar is in halfjaarlikse paaiemente ooreenkomstig die voorwaardes vervat in die voormelde leningsaanbod;
- (f) dat die bedrag van die lening uitsluitlik vir die doeleindes soos voormeld aangewend mag word, by gebreke waarvan die volle uitstaande bedrag met rente onmiddellik betaalbaar sal word;


en ons beloof hiermee in ons voormelde hoedanighede ten behoeve van die gemelde plaaslike owerheid om

- (g) die bedrag van die lening uitsluitlik aan te wend vir die doeleindes voormeld;
- (h) die voormelde rente en kapitaal halfjaarliks op 30 Junie en 31 Desember te betaal.

*(Handwritten signatures)*


Ons bevestig verder dat indien enige bedrag nie op die vervaldatum betaal word nie, die volle uitstaande bedrag tesame met rente onmiddellik opeisbaar en betaalbaar sal wees.

GETUIE:  .....


GETUIE:  .....

PLEK: CERES .....

DATUM: 30 MEI 1994 .....

 .....

BURGEMEESTER/VOORSITTER

 .....

STADSKLERK/SEKRETARIS